# Ruach Bediening Nuusbrief

Junie 2023

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ....... 1
2. Gebedsterapie sessies in Junie 2023 ....... 2
3. Getuienisse ....... 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ....... 3
   a. Nog foto's van ons Israel belewenis ... 14 Mei 2023 ....... 3
   b. Die 2 dooie sataniste ....... 10
5. So terloops ....... 14
6. Beplanning vir volgende maande ....... 14
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ....... 14
8. Afsluitings Gebed ....... 15


## 1. Gedagte vir die maand






2 Petrus 3:8-9

*Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.*

## 2. Gebedsterapie sessies in Junie 2023



| | |
|---|---|
| 74 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 3 | Gebedsterapie sessies per **Telefoon** |
| 15 | Gebedsterapie sessies per **Video Call** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Zoom** |
| 19 | Gebedsterapie sessies in **Delmas** |
| 18 | Gebedsterapie sessies in **Middelburg** |
| 25 | Gebedsterapie sessies in **Nylstroom** |
| 7 | Gebedsterapie sessies in **Fochville** |
| 0 | Gebedsterapie sessies per **Video call na Oorsese lande** |
| 161 | **Totale gebedsterapie sessies vir die maand** |

## 3. Getuienisse

**Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:**

**Getuienis 1:** More oom Sarel, baie baie dankie vir die deel van die Israel fotos. Dit was ongelooflik mooi om te sien en te lees. Ek is so dankbaar vir julle vir die ervaring. Ek kry solank ons paspoorte reg.
Ek wil ook net vandag sê baie dankie vir wat julle doen. Ek sien gereeld hoe julle mense se lewens aan raak. Ons waardeer julle. Wees SO geseend. 💙

**Getuienis 2:** Baie Baie Dankie vir al Oom en Tannie se hulp!! Oom en Tannie Sal nooit weet hoeveel dit vir my beteken nie! Ek Sal vir Oom en Tannie enige iets doen! Enige Tyd Skree net! Maak nie saak hoe groot die klip in jou pad is nie… Baie Lief vir Oom en Tannie❤

**Getuienis 3:** Dankie vir jou hart vir ons dorp se mense!! Jy is so kosbaar!!

**Getuienis 4:** Dankie en so sien ons julle loop in die voetspore van Jesus.

**Getuienis 5:** Hi Oom Sarel… moet net eers laat weet, ek weet die wereld se mos mens moet eers na 12 weke laat weet.
Maar ons dien n God van wonderwerke, die God bo alle gode, die Koning bo alle konings. Ons Abba Vader, ons Verlosser en Redder Jesus Christus.
Oom het 6 en half jaar terug op 13 Junie 2017, saam met my vrou gebid en Abba Vader gevra om iets vir haar te wys van haar toekoms. Ek en my vrou was toe net 6 maande getroud, vandag 6.5 jaar saam, verwag ons 'n Baba. Abba Vader het gedoen wat net Hy kan doen. Dokters het gesê my vrou sal sukkel om swanger te raak. Binne die eerste maand, om te probeer, self te probeer, het ons swanger geraak.
Ons glo en bly vertrou op Jesus, dat ons en ons baba gesond sal bly nou en vir altyd.
Dat ons Sy Goeie Werke kan gaan verkondig vir wat Hy ons leer en vir ons doen.
Oom Sarel word Oupa. Baie geluk.

**Getuienis 6:** - Hi Sarel, weereens dankie vir die gebeds terapie. Our God is an awsome God. My business trip oversea, which I was so nervous about, turned out to be one of my best trips. The new distributor and his staff treated me if I was royalty. The interaction with

the staff and new customers was the best I experienced with plenty of good opportunities. I have now a new business family in this country and with this God protected me the full week. Your prayer regarding my Daddy and I, gave me peace and understanding. On Sunday he went home to God and I could send him home with so much peace and love. God filled that absent father space with forgiveness and love.

**<u>Getuienis 7:</u>** Dankie dat God deur jou werk om mense te genees. My pyn is weg en mag God jou seen.

## 4. *Sommer net 'n paar gedagtes*

### a. Nog foto's van ons Israel belewenis … 14 Mei 2023






Op pad na die dooie see, wat 420 meter onder seevlak is.






Kosbare belewenis, om so op die dooie see te dryf.




Jericho, oudste stad in die wereld





Uitsig vanaf ons kamer in King Solomon Hotel, in Tiberius, by die see van Galilea.








19/05/2023-Nazareth Village is 'n lewendige museum, soos wat dit was in Jesus se tyd.




















Afrikaans by die Jordaan rivier.



Elektriese "brandstof" stasies in die parkeer terein.



Openbaring 16:16-En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word - Armagéddon.

Ons staan op die uitkyk toring, waar die slag van Armagedon gaan plaasvind.





Joh 6:59 "Hierdie dinge het Hy gesê in die sinagoge toe Hy in Kapérnaüm onderrig gegee het."

Capharnaum was Sy huis gedurende Sy bediening.



Uitgrawings in Capharnaum


Dit was lente in Israel



Supermark in Jerusalem, naby die Hotel



Tel Aviv – Ben-Gurion Lughawe op pad huis toe.

Ek sit nou en huil, soos ek hier tik. Dit was so, so wonderlike belewenis, wat woorde en foto's nooit sal kan beskryf nie. Ons gee net al die eer aan Jesus.

## b. Die 2 dooie sataniste

Net so nadat ek uit die skool is, het ek begin bevriend raak met twee Sataniste. Ek het aanvanklik gewonder of hulle regtig Sataniste was, maar toe later uitgevind dat hulle wel was. Een keer het my ouers by familie gekuier en ek en my broer was by die huis. Een van my vriende het kom kuier en ook die twee Satanis vriende. Laat die aand het ons almal " glasie - glasie" gespeel, en ek het letterlik gesien hoe demoniese krag voorwerpe begin rondskuif. Maar my broer en my een vriend het skuitbang geraak en weggehardloop. Ek gaan lieg as ek se dat ek nie bang was nie. Ek het gebewe soos n riet en die een na die ander sigaret gerook. Die twee Sataniste het agter begin kom dat ek vrekbang was.

Die een het toe vir my gese: " Ek het n pentogram wat op my bobeen gettatoeer is, glo jy my?" Ek het gemaak of ek braaf is en geantwoord: " Jy lieg!" Daar en dan trek hy sy broek uit en op sy bobeen was n groot pentogram. Ek het my melk en water weggeskrik! So kort rukkie daarna, het ek gemaak of die telefoon lui, en toe vir daardie Satanis gese: " Die foon het gelui, jou ma vra wanneer kom jy huis toe". Hy het vir my gelag en toe praat daar 'n " ander stem" deur hom in 'n " diep metaal tipe klank" en se: " Jy lieg, die foon het nie gelui nie, en my ma het nie gebel nie!" Jy kan jouself seker indink hoe boeglam ek my geskrik het. Ek het my in n ander bloedgroep in geskrik. Ek is O - positief, maar het O - negatief geword!

Vandag besef ek hoe naby ekself daaraan was om n Satanis te word. Daardie tyd, en vir jare daarna het ek my rug op God gedraai, God gehaat, dikwels God gevloek, werkers van God geminag en met disrespek behandel, jare nie bybel gelees en gebid nie en op n tyd selfs met Bybel bladsye daggazolle gerook. Tot vandag toe weet ek nie hoe ek daardie aand uit daardie greep van daardie twee Sataniste gekom het nie. Dit was een van my " scary" ondervindinge in my lewe - en maklik heel bo aan die lys!
Altwee die Sataniste was ook saam met my op skool gewees. Ek het jare later by n skoolvriend gehoor dat albei die Sataniste dood is, voordat hulle 30 jaar oud geword het. Die een was by n

gewapende roof betrokke en is doodgeskiet deur die polisie. Die ander een is dood in n motorongeluk.

So van die dood gepraat... Die lewe is kort. Die lewe is soos ‘n gedagte wat vinnig verby vlieg (sien Psalm 90:9 en 10). Of soos n skaduwee wat vir n ruk verskyn en dan weer verdwyn (sien Job 14:2). Dit het ek opnuut besef toe ek een keer ‘n verassingsdiens vir iemand gedoen het. Ek gaan nou daaroor praat. Net gou iets anders... Op ‘n begrafnisbrief of begrafnissteen of ‘n kissie as is gewoonlik die dooie persoon se geboorte datum en sterfdatum, en tussen die twee datums is ‘n klein kort strepie - dit is hoe kort die lewe is!
Baie kort. Baie tydelik. Almal moet gebore word en almal moet doodgaan. Tot Jesus is gebore en tot Jesus is dood! Die vraag wat ons gereeld moet vra, is: " Is heaven our home?"

Terug by die verassingsdiens... Wat vir my nogal " weird" was, is een van die liedere wat gespeel is, met die woorde: "demons keep on chasing me around" en iets soos: " demons in my head." Ek het by myself gedink: hel, wetter, dit is darem n " weird song" hierdie! Kon hulle maar nie eerder die ou NG Kerk liedjie gesing het nie - " Ek sien ‘n nuwe hemel en nuwe aarde, nuut en vry." So iets... Maar ja, party mense "live weird" en "die weird". Of hoe? In elk geval, ‘n man van so veertig jaar is dood in ‘n kop - en - kop botsing met ‘n vragmotor.

So paar maande na die tyd, het sy vrou my eendag gekontak en gese: " Hier is erge demoniese manifestasies in hierdie huis. Dit lyk en voel amper soos ‘n spookhuis. Kan jy my asseblief besoek en kom bid." Nou ja, ek het al baie sulke "spookhuis gevalle hanteer" en ook goelery by huise. Dit gebeur altyd wanneer ‘n mens met vuur speel en dan brand. God se mos uitdruklik dat ons nie die diep geheimenisse van satan moet probeer ken nie (sien Openbaring 2:24). God se wysheid moet bekom word en nie demoniese wysheid nie.

Die heel eerste vraag wat ek altyd met sulke gevalle vra, is: "Is die as van n dooie persoon op die perseel?" In bykans alle gevalle is die antwoord: " Ja!". Die volgende vraag wat ek gewoonlik vra is: " Het jy met die lyk se as gepraat?" En in bykans alle gevalle is die antwoord: " Ja!". Talle mense ken nie die Bybel nie en weet nie dat God komminikasie met dooies verbied nie! (sien Deuteronomuim 18:11). Ja, dit is bloot deel van okkultiese praktyke soos baie ander dinge: palmlesers, teeblaar lesery, kristalbal voorspellings, akupunktuur, hipnose, fortuinvertelling en klomp ander dinge, wat alles bloot neerkom op afodery en towery (sien Galasiers 5:20), en wat bloot werke van die vlees is, en vrot vrug is. God se mos vir ons dat ons nie gemeenskap moet hou met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar dit eerder moet bestraf (sien Efesiers 5:11)

Die vrou het toe " ja" geantwoord op altwee die vrae en gese: "Ja dit is my man se as. Die een wie se verassingsdiens jy gehou het." Wat sy toe volgende gese het, het my verstom:"Ek wou weet hoe die ongeluk gebeur het en hoe my man dood is en het toe op " Google" en internet meer as 100 " applications" gekry waar mens geleer word om met geeste van dooies te kommunikeer.". Liewe hel, ek weet van die oumense wat iets gese het van: van nuuskierigheid is die kerke leeg, en die tronke vol. Maar nie van meer as n 100 sulke plekke op internet wat mens met dooies leer praat!

Nou ja, toe sy met die dooie gees van haar man begin praat het, het die " paw - paw" die " fan" geslaan, en die demone aangehardloop gekom! En so was daar dan baie goelery en allerhande demoniese manifestasies. Ook het sy fisiese demoniese aanvalle gehad, was beangs, bevrees en het gesukkel om te slaap. God se mos dat wanner iets onheilig (okkulte beoefen of ons sulke items het) in ons laer is (ons erf huis, plaas of plot), en hy iets skandeliks sien, sal Hy Hom van ons afwend (sien Deuteronomium 23:14). Ja, dit is dan wanneer God se vrede en beskerming nie meer daar sal wees nie. Ons mag God nie versoek nie (sien Matteus 4:7). Wanneer ons dit doen, beweeg ons uit Sy genade uit.

Daardie vrou het vir my iets anders vertel, wat ek nooit sal vergeet nie: "Tien dae voor my man se dood, het hy 'n Buddah beeld van gietyster by een van ons vriende gekry. Die beeld het in ons tuin gestaan. Dit was so groot en swaar dat twee mans gesukkel het om dit te dra."
Ek het onmiddelik gedink wat staan in
Exodus 20:3 en 4 (1953):
"3. Jy mag geen ander gode voor My aangesig he nie.
4. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of wat onder op die aarde is, of wat in die waters onder die aarde is nie."

Nerens in die Bybel lees ek dat ons beelde van Buddah of Allah of ander afgode moet he nie en ook nerens lees ek dat hulle aanbid moet word nie.
Inteendeel, Paulus se in 1 Korinthiers 10:14 (1953):" DAAROM, my geliefdes, vlug vir die afgodediens. "

Deur die jare het ek ook soos miljoene geglo dat daar niks fout is met n tandemuis, liewe heksie, feetjies, dwergies, paashase, paaseiers, kersbome, kersvaders, unicorn, Halloween, cupid en Valentynsdag nie, totdat my oogklappe afgeval het, ek wakker geword het uit my diep geestelike slaap, en die Heilige Gees my na alle waarheid gelei het. Waarvoor ek dankbaar is. Ek was nooit n " Satan worshipper" nie, het ook nooit n klomp rympies vir Buddah of Allah afgerammel nie (ydele herhaling van die heidene - sien Matteus 6:7), maar my ook maar van tyd tot tyd met n klomp drek besig gehou - drek soos die sterre...

Jare terug het mens in die Huisgenoot sulke "080 tipe nommer" gekry, wat mens dan die sterre kon bel vir voorspellings oor die week, vir die maand en vir 'n mens se lewe. Hier en daar het hulle iets gese wat waar klink, die res was 'n pot snert. Ook was daar sulke ster - voorspel rubrieke in baie tydskrifte en koerante, eintlik oral, vandag steeds, veral op internet. Dit het gelyk of die oproepe tolvry is, maar daar is vir oproepe betaal

Eendag op Hoerskool het ek die middag by die huis gekom, my ma het pos uit die posbus gaan haal, die pos toe in die sitkamer oopgemaak en toe gese: " My liewe hel, kyk hier, die telefoon rekening is meer as tagtig duisend rand!" Ek het 'n fyn skril skreeu geluid gehoor, toe le sy op die naat van haar rug, flou, so uit soos n kers, flou van die skok! Ek het vir myself gese: O, " shit" mannetjie, dit is jy, jou skuld, jy wat hordes kere daardie duur sterre nommers vir voorspellings gebel het! Ons het toe later uitgevind dat die poskantoor een groot gruwelike fout gemaak het. Jis, my ma kon dood neergeslaan het van skok. Daardie jare was tagtig duisend rand baie! Mens kon amper 'n huis met dit gekoop het.

God haat "sterre lees" (waarsery) en dit kom eintlik meer op " witchcraft" (heksery). Enige vorm van waarse word verbied (sien Deuteronomium 18:9 tot 14). Jesaja het geprofeteer oor die trotse Babel oor wie 'n ramp sou kom.
Lees saam my Jesaja 47 (1983 Afr):
"10. Jy het op jou bose dae vetrou. Jy het gedink daar is niemand wat jou sien nie. Jou wysheid en kennis het jou mislei, en jy het gedink: daar is niemand soos ek nie.
11. Maar, daar kom 'n ramp oor jou, wat jy nie kan besweer nie, onheil oorval jou, en jy kan dit nie met 'n losprys keer nie, jou ondergang kom skielik, jy het dit nie verwag nie.
12. Gaan maar aan met jou beswerings en jou baie toordery waarmee jy jou van jongs af al ophou. Dalk bereik jy iets daarmee, dalk skrik jy jou vyande daarmee af!
13. Jy het jou moeg gemaak met jou baie voortekens. Laat jou VOORSPELLERS nou optree, laat hulle jou help, hulle wat die HEMEL OPDEEL EN DIE STERRE BEKYK, hulle wat ELKE MAAND BEKEND MAAK WAT OOR JOU GAAN KOM.
14. Maar hulle het soos stopsels geword, hulle gaan verbrand, Hulle kan hulself nie red van die vlamme nie. Daar bly nie eers kole oor om jou by warm te maak nie, 'n vuur om by te sit nie.
15. Dit is wat jy het aan die waarmee jy jou ophou, met wie jy jou van jongs af inlaat. Hulle het almal gedwaal, daar is niemand wat jou kan red nie.

Eintlik is die "zodiac" (diereriem) met al sy sterre - dieretekens, volgens my, niks anders as okkultiese simbole en tekens. So paar jaar na my wedergeboorte het die Heilige Gees my eendag gelei om my sterre teken (Bul - Taurus) te verloen, en my gelei om die volgende gebed te bid: Hemelse Vader, U bepaal my toekoms, nie sterre nie. Ek wil op U vertrou met my hele hart, nie op my eie insigte steun nie, U ken in al my wee, sodat U my paaie gelyk kan maak. Ek wil nie wys wees in my eie oe nie, U vrees, en van die kwaad afwyk (Spreuke 3:5 tot 7). Daarom verloen ek my sterreteken (Bul - Taurus), in die Naam van Jesus Christus. En sal ek nooit weer sterre raadpleeg om my toekoms te voorspel nie. Maak my los van enige waarse - bindinge, wat op my mag wees. Laat U wil geskied. In Jesus Naam. Amen

Ander afgodsdiens waarmee ek my jare besig gehou het, was dobbel en lotto. So het ek baie geld in die water gegooi, agter watergeeste aan. Ek het eers n paar jaar na my wedergeboorte uitgevind dat watergeeste " geld steel". Watergees sangomas offer verskeie dinge aan watergode, wat in die water gegooi word (geoffer word): geld is heel bo aan die lys, ook klere, juwele en baie ander dinge. Vra hulle gerus, hulle sal vir jou se dat dit so is! Waar God praat van Jerusalem wat weer verheerlik word en ryk gemaak word (Jesaja 60, 1953 Afr), word in vers 5 gese: " Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die RYKDOM VAN DIE SEE GAAN NA JOU TOE OOR (dws dit wat watergeeste gesteel het, word teruggegee), die skatte van die nasies kom na jou toe aan."

So paar weke nadat ek voltyds in die bediening is as evangelis (20 Mei 2017), het ek my nog besig gehou met die afgodsdiens van lotto. Ek het n betrokke oggend nog R200 se" quick pix " gespeel, toe ek heel onder in my dagboek iets raaklees: Die lotto het nie Salomo ryk gemaak nie, maar God het. Die Heilige Gees het aan my gese: Skeer jou lotto kaartjies op en gooi dit weg. Dit is God wat ryk maak en moeite volle arbeid voeg niks daarby nie (Spreuke 10:22). God seen Sy beminde selfs in sy slaap (Psalm 127:2)

Ek het gese: Here, nee wag, net nog n laaste keer. Miskien kom my skip met die miljoene die keer in. U weet tog dat ek my werk gelos het om voltyds in die bediening te wees en dat ek nie geld in die bank het nie.

Maar ja, die Heilige Gees, is die oortuiger van sonde, geregtigheid en oordeel, en lei ons na alle waarheid toe (sien Johannes 16:7 tot 13).
Hy het my oortuig om eerder die kaartjies op te skeer, op God te vertrou en nie op die geluksgod nie. Van toe af tot tans het ek nooit weer gedobbel of aan lotto deelgeneem nie. My skip met miljoene het toe nooit gekom nie, maar God het nog altyd vir my gesorg en doen steeds. Ek se altyd dat die Evangelie sorg vir die wie dit verkondig (sien 1 Korinthiers 9:14)

Ek is bly dat ek die lotto gelos het, want eendag het die Heilige Gees aan my die volgende gewys in Jesaja 65
(Die opstandige volk en knegte van die HERE, 1953 Afrikaans):
"11. Maar julle wat die HERE verlaat, wat My Heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot –
12. Ek sal julle bestem vir die swaard, en julle almal sal buig om geslag te word, omdat Ek geroep het, maar julle nie geantwoord het nie, Ek gespreek, maar julle nie geluister het nie, maar gedoen het wat verkeerd is in my oe en verkies het wat MY NIE BEHAAG NIE.
13. Daarom, so se die Here HERE: Kyk, my knegte sal eet maar julle sal honger bly; kyk, my knegte sal drink, maar julle sal dors wees; kyk, my knegte sal bly wees, maar julle sal beskaamd staan.
14. Kyk, my knegte sal jubel omdat hulle hart vrolik is, maar julle sal skreeu van pyn in die hart en huil deur die verbreking van gees."

As kinders van God kan ons nie wydsbeen Christene wees (met een voet in God se koningkryk, en die ander voet in die wereld), wat ons besig hou met allerhande tipe afgodsdiens nie! Afgodsdiens is nie net die paar dinge waaroor ek gesels het nie. Dit kan baie ander dinge wees. Mens kan jouself verafgod en die " eie ek godjie" aanbid, mens kan ander mense aanbid, jou eie

dogma en idees aanbid, stokperdjies verafgod en baie ander dinge verafgod. Ons kan nie by twee tafels sit en uit twee bekers drink nie.
In 1 Korinthiers 10:21 (1953) staan:"Julle kan nie die bekker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel he aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van duiwels nie."
(Erkenning - Rossi Rossouw Evangelistic Association)

## 5. *So terloops ....*

a) Wil net dankie sê vir almal se ondersteuning. Ek is nog bietjie gerattle, maar is ok. Vir die wat nie weet nie, ek is vroeer vandag beroof by die Engen garage. R1800 in sy glory. Ek is nog baie bewerig, dink dit is van skok. Polisie is gebel en hulle was baie vinnig en behulpsaam. Hulle het my gevra of ek weet wie dit gedoen het. Ek het gesê ja, dit was pomp nr 2. 😂😂😂

b) My meisie het haar laptop in kamer vergeet....my ouma het gedink dus 'n skaal.... lang storie kort, my ouma weeg R18,000...

## 6. *Beplanning vir volgende maande*

**DELMAS**

**MAANDAE** is ek in Delmas.
Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487**

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | FOCHVILLE |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Petro Gerber ✆ 076 577 6296** |
| **2023** | **2023** | **2023** |
| Geen | Geen | 20 Julie 2023 |
| 4 & 5 Augustus 2023 | 7 & 8 Augustus 2023 | Geen |
| 1 & 2 September 2023 | 4 & 5 September 2023 | 21 September 2023 |
| 6 & 7 Oktober 2023 | 9 Oktober 2023 | 26 Oktober 2023 |
| 3 & 4 November 2023 | 6 & 7 November 2023 | 23 November 2023 |
| 1 & 2 Desember 2023 | 4 Desember 2023 | Geen |

## 7. *Woord in Aksie kampe – Pretoria*

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881







**8.** *Afsluitings Gebed*

Dankie Here God, vir nog 'n dag om te kan leef op aarde.
Dankie vir nog 'n dag om te kan weet my Verlosser leef.
Dankie Here, dat ek deur die dag kan gaan met die wete dat U by my is.
Here, ek besef vandag dat ek weet wie U is, maar ken ek U regtig?
Ken ek U diepste weë, verstaan ek U hart?
Here, my gebed in hierdie dag is dat U my regtig sal leer om te verstaan wat beteken hierdie woorde: Ek is.

Heilige Gees, ek vra vir wysheid, kennis en insig volgens U belofte in Jakobus 1:5 wat sê: dat U gee wysheid aan die wat vra.

Here, ek begeer met alles in my om U te leer ken soos nog nooit, ooit te vore in my lewe nie.
Here, leer my om te verstaan wie is: "Ek is."
Vader God, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid.

In Naam van Jesus Christus, my Verlosser en Koning. Amen

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee